# 17 Oktober 2023 - Lesing 155 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Jesus se opstanding en vergeesteliking – 6/9/60

**NO: 7693** Julle kan gerus dit as waarheid aanneem, dat My liggaam homself gelyktydig met My siel vergeestelik het, dat Ek dus kon opstaan uit die dood, omdat **daar niks materieel meer in die graf agtergebly het** wat die gang van ontwikkeling nog verder sou moes gaan nie.

Tydens My lewe op aarde het Ek ook meester oor My liggaam geword, Ek het **alle substansies vergeestelik**, dit wil sê: as die mens JaHshua het Ek My op My Vader gerig. Daar was niks meer aan die liggaam wat homself verset het teen die Vader in My nie. En Ek het die kwellinge aan die kruis nie om My ontwil nie, - maar ter wille van die vergeesteliking van My liggaam ondergaan, - maar hiermee ook die sonde van die mensdom teniet gedoen.

Maar My liggaam was nog menslik ingestel, sodat **dit die geweldige pyn gevoel en verduur het**. Maar toe Ek met My dood aan die kruis die verlossingswerk vir die mensdom voltooi het, wou Ek julle nog een bewys lewer van My vergeesteliking wat gelei het **tot My opstanding uit die dood. Liggaam en siel** was dus in staat om op te staan, omdat hulle die werk van vergeesteliking volbring het. En niks was in staat om hierdie geestelike nou vas te hou in die graf nie, want die gees deurdring alles, selfs die hartste materie.

Die vergeesteliking van die liggaam was wel moontlik vir My, **omdat Ek heeltemal gevul was met liefde en omdat die liefde elke onreine substansie oplos**. Omdat daar waar liefde is niks onryp meer staande kan bly nie. Omdat liefde die samesmelting met die Ewige Liefde waarborg. Omdat sy alles verteer en slegs die suiwer geestelike agterbly, wat hulleself nou kan aaneensluit met die Oergees van ewigheid.

**Ek het in hierdie liefde geleef**. En as julle mense julle ook so omvorm tot liefde, sal julle ook in staat wees om julle liggame te vergeestelik. Julle sal alle materiële substansies in die korrekte orde bring en al die daarin gebonde geestelike sal hulleself na My, as die ewige Liefde rig en elke weerstand opgee, wat eens sy substansie verhard het en die rede van die verbanning in die materie was.

Maar hierdie vergeesteliking van die liggaam **sal slegs deur weinig mense op aarde bereik word**, tog is dit moontlik. En dan sal ook die liggaam kan opstaan saam met die siel. Dit sal net nie vir julle mense dikwels sigbaar wees nie, omdat dit vir die sieleheil nie nodig is dat julle ongewone dinge meemaak wat in die algemeen nie vir die mense verstaanbaar is nie.

Maar die feit dat Ek Self uit die dood opgestaan het, **dat ook My liggaam uit die graf gegaan het**, kan deur julle geglo word. Want My lewe as mens was waarlik sodanig dat die vergeesteliking van die liggaam kon plaasvind, dat niks nodig gehad het om agter te bly om 'n verdere ontwikkelingsfase deur te maak nie. Ek het **aaneensluiting gevind met die Vader van ewigheid**. Ek was volledig van Hom deurdronge. Ek het nie meer buite Sy wese gestaan nie, Ek was een met Hom, **versmelt tot in alle ewigheid**.

Maar vir julle kan die wese van God nie begryplik gemaak word nie, **want Hy is EEN Gees wat alles vervul en alles deurdring**. Hy kan nie as persoon aangedui word nie. Hy is ook nie sigbaar nie. **Hy, Wie in My was** gedurende die tyd van My aardse bestaan as mens, is Krag en Lig in so 'n mate dat Hy alles sou verteer wat nie tot 'n hoë graad van liefde sou omvorm nie. En daarom kon Ek volledig deurstraal word deur die Lig en hierdie Krag, sonder om te vergaan.

Maar ook My vergeestelike liggaam **het Sy gedaante behou,** ondanks die volheid van die goddelike Gees, sodat Ek dus sigbaar gebly het vir die wesens wie in 'n hoë graad van rypheid My Self kon tegemoet tree.

Die Groot Gees van ewigheid, wat die hele heelal vervul het, **het Homself gemanifesteer in 'n menslike gedaante.**

Ek het sigbaar geword vir My geskape wesens in JaHshua Messias, want Ek is self ook 'n Wese wat julle slegs sal verstaan as julle self vol liefde met My die vereniging aangegaan het.

En dan sal julle ook die probleem van My opstanding, die vergeesteliking van die liggaam en siel en My volledige samesmelting met die Gees van die Vader van die ewigheid begryp.

Eers dan sal julle die eenheid van JaHshua en die Vader begryp. Eers dan sal julle geheel en al met My verbonde wees **sal julle My Self herken as julle God en Vader van ewigheid, in JaHshua Messias**.

Want Hy en Ek is Een, en wie My sien, sien ook die Vader. Amein.